# N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

**Posbus 762, Oudtshoorn, 6620**
**Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn**
**GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000**

**VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk**

**Beste Lidmaat**

## Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 28 Junie 2020.

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander inligting.

**Virtuele erediens op 28 Junie 2020**
**N.G. Oudtshoorn-Welgeluk**
**Prediker: Ds. Andries Potgieter**
**Teks: Matt. 10:40-42**
**Tema: ’n Beker koue water**

**40 “Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.**

**41 Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning ontvang; en wie 'n goeie mens ontvang omdat hy goed is, sal 'n goeie mens se beloning ontvang.**

**42 Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle.”**

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

U aandag word graag spesifiek gevestig op ons **"Bottel van Hoop" -** projek, waarvan besonderhede reeds versprei is. Baie gesinne in ons distrik gaan slaap snags honger en daar is nie aanduidings dat die situasie spoedig gaan verander nie. Die bestanddele v.d. sop is eintlik relatief goedkoop en 'n beroep word op u gedoen dat wanneer u inkopies doen u sal oorweeg om een of meer v.d. bestanddele in u mandjie te voeg. Saam kan ons as gemeente 'n baie groot verskil aan baie menselewens maak.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees nie, tot na verdere kennisgewing , of soos deur wetgewing vereis of tot die situasie na "veilig" verander het nie.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u weekliks die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang.

Die erediens van 28 Junie se onderskeie skakels is soos volg:-
Youtube

https://youtu.be/zhKD95bAZ34

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/2532829493649245/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-28-junie-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

**<u>Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:</u>**

- **Joey Strydom van Buitekantstraat 57;**
- **Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;**
- **Alta Gebhardt van Milleniumpark 73**
- **Alwyn Koegelenberg van Pleinstraat 39;**
- **Martin Botha van San Monique woonstel no 2;**
- **Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;**
- **Ina Meiring van Van Zylstraat 1;**
- **Joana Truter van Palmoord; en**
- **Alet Badenhorst van Palmoord.**

**Ons bid ook vir die volgende sake:-**

- **Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
- **Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;**
- **Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;**
- **Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en**
- **in die besonder die korona-virus pandemie.**
    - **o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;**
    - **o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;**
    - **o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;**
    - **o Vir al die gesondheidspersoneel; en**
    - **o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.**

**Baie geluk aan ons 70 - Plussers wat die week verjaar:**

- **Alex Hooper: 28 Junie 2020**
- **Joey Fourie: 29 Junie 2020**
- **Karen Evans: 30 Junie 2020**
- **Coenie Coetzee: 1 Julie 2020**

## Gemeente Program:

**Woensdag 1 Julie 2020**

- **o 09:00 Vrouebybelstudie**
- **o 18:00 Mansbybelstudie**

**Kerkkantoor heropen:**

**U aandag word daarop gevestig dat volgens vlak 3 van die inperkings maatreëls ons Kerkkantoor, gegewe streng regulasies, van nou af oop kan wees. Die volgende ure geld: Maandag tot Vrydag 09:00 tot 11:00. Gebruik asb. die klein hekkie by die moederskamer. As u die kantoor besoek geld die protokol vir inperkings: 1. Dra 'n masker 2. U koors sal gemeet word. 3. Ontsmetting van u hande met aankoms 4. 'n Aantekenings register word gehou.**
**Baie dankie vir u samewerking in die verband.**

Welgeluk Groete!

Andries Potgieter
084 514 2178
ajpotgieter@telkomsa.net